**Donderdag 5 Mei**

**Skrifgedeelte: Handelinge 4:1-17; HK Sondag 11, Antwoord 29**
**Fokusgedeelte: Handelinge 4:12**

## Jesus is die enigste Verlosser

Petrus en Johannes is deur die Joodse leiers tot verantwoording geroep omdat hulle ’n kreupel man in die Naam van Jesus Christus genees het. Toe het Petrus soos volg van Jesus teenoor hulle getuig: “*Hy bring die verlossing en niemand anders nie. Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie.*”

Daarmee sê Petrus aan hulle dat die verlossing van die mens en die ewige saligheid by niemand anders gevind kan word nie as net by Jesus alleen. Die woord wat vir *verlossing* in Grieks gebruik word, kan die redding van die liggaam en die redding van die siel aandui. So gesien, sê Petrus aan die Joodse leiers dat net soos die kreupel man liggaamlik onweerlegbaar deur Jesus genees is, so kan net Jesus – net Hy alleen! – ’n mens se siel genees deur hom van al sy sondes te verlos. Jesus sê trouens self: “*Niemand kom na die Vader toe behalwe deur My nie*” (Joh. 14:6). Op grond van hierdie getuienis van die Skrif sê ons belydenis ook van Jesus dat “by niemand anders enige saligheid te soek of te vind is nie”.

Deur hierdie belydenis is standpunt ingeneem teen die Rooms-Katolieke Kerk se verering van die heiliges en in die besonder van Maria, die moeder van die Here Jesus, wat hulle as medeverlosser vereer. Hulle gaan so ver as om te sê dat Maria saam met haar lydende Seun gely het om die menslike geslag te verlos (Pous Benedictus XV). Dit is in stryd met die Skrif wat leer dat Jesus die enigste Verlosser is. Daarom word die siening ook deur ons belydenis verwerp.

Die belydenis dat Jesus die enigste Verlosser is, is ook met die opkoms van die Verligting aan die begin van die 18de eeu misken. Volgens hierdie siening is die mens met sy vermoëns in staat om homself te red. Daarom het hy geen Verlosser en geen Jesus nodig nie. Hierdie siening het egter uitgeloop op twee bloedige wêreldoorloë en het geen verlossing gebring nie.

Tans word die verlossing deur Jesus alleen ook deur die sogenaamde New Age-Beweging (NAB) verwerp. Die aanhangers van hierdie beweging sê dat alle godsdienste gelyk is en dat dit maar net verskillende paaie is wat mense by dieselfde eindpunt uitbring. Daarom is ’n verlossing eksklusief deur Jesus nie nodig nie. In wese is die NAB niks anders nie as afgodery. Teenoor al hierdie en ander dwalings bely ons saam met Petrus en Johannes dat verlossing net by Jesus te vind is en by niemand anders nie.